# Litera

## Gedigte

*Joan Hambidge*
Johannes Kerkorrel 221

*Zandra Bezuidenhout*
Wasdom 222
Aan die Singel, Amsterdam 222

*dave lubbe*
doodstilte 223

*Magda van der Merwe*
skermmaats 223

*N.C.T. (Nicholas) Meihuizen*
Firebeast (After DJ Opperman) 224

*Hennie van Coller*
Vrystaatse beelde
Tweetoringkerk 225
NALN 225
Sand du Plessisteater 226
Windpomp 227
Die windhoos 227

*Etienne Terblanche*
jazz 228
selfportret 228

*T.T. Cloete*
1. gratis I 229
2. gratis II 230
3. rokname 231
4. solvent 232

*Hannes de Beer*
Woordspeletjie (wielie-walie met Wittgenstein) 234

*Pieter Verster*
Pinel 235

Die rubriek *Litera* word finansieel gesteun deur die Vodacom Stigting /
The section *Litera* is financially supported by the Vodacom Foundation

# Rubriek vir skeppende werk

Litera is ’n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee ’n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat ’n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van ’n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur ’n debutant en ’n tweede vir die beste bydrae deur ’n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daaroor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. **Verstrek ook ’n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.**

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

# Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. **Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted**.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

## Reglement: Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns

1. Die Redaksie van *Literator* ken jaarliks, uit geld bewillig deur die Nasionale Kunsteraad, twee pryse toe vir die beste bydraes vir ’n kalenderjaar in die rubriek “Litera”.
2. Hierdie pryse sal bekendstaan as die Litera-pryse vir kreatiewe skryfkuns.
3. Die waarde van die pryse hang af van die grootte van die toekenning deur die Nasionale Kunsteraad.
4. Twee pryse word toegeken, een vir skrywers wat reeds ’n bundel in die betrokke genre gepubliseer het, en een vir skrywers wat nog nie ’n bundel gepubliseer het nie (d.w.s. wat as debutante beskou word).
5. Die Redaksie bepaal aan wie die pryse toegeken word, en die Redaksie kan buitebeoordelaars gebruik om met die beoordeling behulpsaam te wees. Die beslissings van die Redaksie is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.
6. Die Redaksie behou hom die reg voor om vir ’n spesifieke jaar of vir ’n spesifieke kategorie nie ’n prys toe te ken nie of om ’n prys onder verskillende skrywers te verdeel.
7. Die name van die skrywers aan wie die pryse toegeken is, sal bekendgemaak word in die eerste uitgawe van *Literator* van die daaropvolgende kalenderjaar.

## Rules: Litera Prizes for Creative Writing

1. The Editorial Board of *Literator* yearly awards two prizes for the best contributions for a calendar year in the section “Litera” from money granted by the National Arts Council.
2. These prizes will be known as the Litera Prizes for Creative Writing.
3. The size of the prizes will depend on the grant received from the National Arts Council.
4. Two prizes will be awarded, one for writers who have already published a collection in the genre concerned, and one for writers who have not yet published a collection (that is, who are regarded as making their début).
5. The Editorial Board determines to whom the prizes will be awarded, and it may appoint external judges to help with the evaluation of contributions. The decisions of the Editorial Board are final and no correspondence on this matter will be entered into.
6. The Editorial Board reserves the right to make no award for a particular year or in a particular category or to divide a prize among different authors.
7. The names of the authors to whom the awards have been made, will be published in the first issue of *Literator* of the subsequent calendar year.

***Joan Hambidge***

# Johannes Kerkorrel

Iewers tussen opmaak-
en saktyd wil die pers
’n motief hê: ’n opskrif.
Die nuusredakteur snuffel
deur die *files* van die Gereformeerde Blues Band
tot Houtstok; van aanranding op ’n voormalige vriend
tot sinnelose rusies op die kubernet. ’n Jong verslaggewer
meen hy was *cool*, wyl ’n ander een haar *twin savers* toesnot.

Positief of nie?
’n Negatief wys ’n donker, somber kant uit:
“Al lê die berge nog so blou …”
’n Hand voor die oog; ’n klossie hare bedek
net mooi niks nie. ’n Sangeres bel laatnag, bied ’n ontydige *obit*
aan: skielik was almal sy beste vriend, vertroueling.

Geld glo rede vir selfmoord.
Joernaliste en fotograwe
draai snuffelend om die boom:
hier het dit alles gebeur. Net hier.
Die bloedkolle op die motorsitplek,
die wattelboom – getuies, medepligtiges
van die finale uittog wat in ’n berig
gestulp moet word. Daar is ’n *dead-line*;
’n ander *scoop* mag wag.

Selfmoord laat sig
nooit stulp in één motief nie.
Dis nie ’n *whodunnit* nie. Nog minder ’n voorbladberig.
Dit lê in transformasie, verkleurmannetjie-speel, naamsverandering
paradoksaal op- én toegesluit. ’n Jin en jang.
In ’n stadige repetisie vir die laaste groot konsert
vóór ’n afwesige gehoor – net met die demone van soveel jare
aanwesig, aanporrend, aanhitsend: nou, gaan, vertrek.

Die snye aan die lyf
totemmerke
van ’n ondankbare bedryf.

*Zandra Bezuidenhout*

# Wasdom

Mondig en bedeeld nou,
my maanblom; stolp
wat oopkelk in die aand.
Elke swart pupil
kaats lis, voorkennis
van die femme fatale.
Jy speel die oerverhaal:
wit hibiscus rooilipmot
flerrie van my wat waaier
as jy uitvlug in die nag.

# Aan die Singel, Amsterdam

Teen skemer kleur die rame rooi.
’n Jongvrou stel haarself ten toon,
gewoon soos elke nag.
Wat sou ’n moeder weet
van dié bedryf;
maar wat, sy sit hier vlakby,
wyf aan ’n ander grag.

***dave lubbe***

# doodstilte

na nege dae
langs jou sterfbed
het my wêreld klein geword
net soos die grafiekpieke
wat meedoënloos laer geflits het
ek het gedink dat ’n wêreld
sou rou oor jou dood
dat daar ’n gewyde stilte sou toesak
dat motors eerbiedig stadig sou ry
niemand sou lag nie
toe ek die eerste keer buite kom
het ek met ’n skok besef
die son skyn nog
die lewe snel voort

sonder jou

***Magda van der Merwe***

# skermmaats

ons
meet mekaar
tik tik mekaar
liggies met die
vlymskerppunt
dans ligvoets
behendig
om mekaar
vermy mekaar
sny mekaar

*en garde*

*N.C.T. (Nicholas) Meihuizen*

# Firebeast

## After DJ Opperman

Buffalo’s blank on metaphysics:
he’ll seek sweetgrass
and drift,
will fondle the calf,
thrust his horns in the foe,
will nuzzle the cow,
and take shelter when hail hits,
but won’t ponder tomorrow –
buffalo’s blank on metaphysics.

Man alone strikes at full-tilt
past, present and future,
the chinks
through to reason’s caves:
fashions fire, knives, gods,
ponders death’s endless show,
offers prayers and must,
as conjuring-act on a wall
of his cave, paint the buffalo:

The buffalo of metaphysics:
follows the firebeast
in himself
by hook or crook to the end
of his drives and dreams;
and his brain-storms spark data
for pyramids, the Last Supper,
wheels, chrome, projectiles,
the atomic industry, et cetera.

And before his demonic stare
see the solitary
appalled;
but he’ll not resist
total destruction’s dead silence –
the Parthenon and Hiroshima
already lie shattered to bits
in the malign loveliness of violence.
Buffalo’s blank on metaphysics.

*Hennie van Coller*

# Vrystaatse beelde

## Tweetoringkerk

’n Kerk het tog ’n toring nodig
om wind te wys en tyd te dra.
Het hy twee, is dit ’n bonus,
veral as hulle van mekaar ’n kloon is.
Daartussen dra hy twee klokke en hul klepels,
wat weekliks bly verkondig
dat dié oubaas steeds ’n meneer is
al is hy ouer as die eeu is.
Tog bly sy manhaftigheid bedek,
totdat jy Sondags aan sy stang trek.

## NALN

Vroeër wou ’n beroemde skrywer skamper weet:
“Het oom Nien toe ou DFM se voël kon meet?
“Watter skande as dié feit in dr. John se GAL ontbreek,
sodat jong skrywer-digters direk van kompetisie kan vergeet.
“Terloops, sou julle belangstel in mý onderbroek
“Of is dit net manuskripte wat jul soek?”
Vandag kom hy en al die ou vergete snare
en smeek stramknie dat NALN seblief tog moet beware
hul manuskripte, liefdesbriewe, dagboeke, tekste
en selfs die motgevrete, godvergete reste.
Eers was die grootbaas ’n dik professor doktor,
Nou swaai ’n tuinkabouter daar sy septer.
En loop jy in die gange ná elfuur saans
ontmoet jy warempel nog vir G.H. Franz!
Maar glo die ergste wat die noodlot jou kan bring
is dat Piet Nien se spook vir jou begin te sing.

***Hennie van Coller***

# Sand du Plessisteater

Dié kunstehuis is – bybels – glo op klip gebou
en sand sal jy in sy fondamente nooit sien nie.
Maar Oubaas Sand dié het glo woes gegrou
al is sy geld nie net met sand verdien nie.
Vir Bloem se kunstemafia was hy ’n kween,
maar onder kruiperige politici die OVS se nr. 1.
Aanskou vandag die blokke wit marmer uit Carara,
gekap, verskeep en trots hier ingestoot
wyl duisende gesmag het na ’n brood.
Maar, het Pa altyd gesê: vrae, vrae bing jou in Tara.
Só draai die wiel: waar nasionalistiese bokkapaters
hulself laat geld het as dié kenners van die kunste,
sluk ander self (of dan hul limousines) die winste!
Hulle sê: fok die Eurosentriese muse en al ons (wit) haters!
En krap dan ongesiens, maar doodtevrede aan hul knaters.

*Hennie van Coller*

# Windpomp

Vanmiddag begin hy versigtig:
toets gou die wind se waai
roer traag die litte strammerig
wat eers stadig was, is aanstons driftig.
Dan kry hy opens sy ritme. Ai,
hoe gou vind hy die diep verborge bron,
hoe maklik laat hy natheid kom!

# Die windhoos

Wie het hom aangesê
om skoon te vee?
Eers doen hy dit skoorvoetig
en bly asof geplant daar staan,
terwyl yl stoffies óp
in die rondte slaan.
Dan dans hy ligvoets
tree vir tree,
Loer hier, dan daar
en eensklaps is hy klaar!

# jazz

die son maak pienk vlamme op die dam
ek staan in die dik reuk van ’n modderwal
en die son kwas spelerig so
’n oranje pad van hier tot in die son;
swartbaars hap oopmond na die deining

en naamlose kleure verdrink in die golwe

kom speel met my vuur my vrou kom skuur
u sagte soma teen myne my dier
kom voel hoe staar die maan vir ons kom
ruik hoe skink sy room oor die soetdoringboom

kom hoor hierdie water kom voel ons jazz
laat ons pens en pootjies land
in die sagte koel gras
oorkant die woorde om die draai van my vers

# selfportret

die groot hande in die vorm van ’n V
waar die palms aan die basisse
ontmoet (soos skutblare)
rus die klein ken soos ’n vrug

en tussen brose wande
hou die vlesige okkerneut
solank vas aan nege bewende
asems en hond se gedagte
en hierdie sombergroen lied
in die lang skuins nag:

binne/buite dans die al
stil in die opbouende val

***T.T. Cloete***

# 1. gratis I

vir die liefde van die lyf is daar koïtus

daardie liefde kan betas en tas
en dit het ’n onbedwingbare
bevredigende liriese lus

daar is streling en bloed, daar is vlees en hitte
daarvoor. daar is kwalik beskermende hare
oral om die kwesbare plekke

dit het lippe, dit hou van lippetaal
en heuning om die mond
kwyl en kweel

maar vir die ánder líéfde is daar geen liggaam
of gesig nie. dit het behoefte
aan ’n gans en al ánder naam.

dié onbeskryfbare seer, dié onbeskryfbare
wat ontsnap uit die grepe van die taal
is die sagte diep soetseer kern
van byna elke roerende onvertelde verhaal

dit is die onvervulde onderwerp
van elke groot gesprek.

ons kan haar nie weier nie. sy en alles is
van haar op ons genadeloos gratis
afgedwing. sy is oordadig
maar steeds laat sy ons gebrek
ly. sy laat ons onversadig.

in die soet trekke wat ek op haar afwesige gesig wil pas
en om haar afwesige liggaam wil kontoer na my sin
wat ek liefhet vul sy eiesinnig pynlik anders in

sy hou haar ver agter in my oë onsigbaar onuitwisbaar vas

# 2. gratis II

van haar is daar nooit genoeg nie

die sterkstes breek
sy.  ’n man is vir haar te week

sy kraam
virginaal.  volmaak is haar naam

die sulammitiese meisie wat styf
lepel teen my rug
lê,  parthenogeneties hou sy my bedroefde lyf
warm terwyl sy haarself bevrug

sy baar
onverwante fratse van mekaar

vir my.  een kind se naam is Huisvolgeluk.
een Snik.  Lag is 2 maal vroeg dood.  Huilspeekselsluk

heet een. ’n ander: Doodgeloop.
bo vlieg ’n uil verby met Verby
in die wegraak oop
hemel in en ’n vleiloerie met Seerkry

daarvan gee sy ons nooit genoeg nie.
van huisvolmaak word sy nooit moeg nie

**_T.T. Cloete_**

# 3. rokname

iets naamloos dom en blind
hardnekkig het ons twee
laat weier om mekaar
van jongs af prys te gee …

juwele dié onthou ek eintlik nie,
van hoede tóéntertyd met tulle
onthou ek vaag. maar rokke
so baie helderte het ek van hulle

daar was die houtskoolrok
met loodgrys kolle, tarentaal.
die een met troupantkleure
haar naam was fluister-asemhaal-

van-blomme as jy loop
of hier en daar selfs in ’n stoel
doodstil rondsit.
die bloue was my-hart-voel-

klop-onder-my-bors.
die swart-en-wit-gestreepte een: sebra
vir meestal net vanaand
met uitgaan dra

en dan ’n pronksingvink
die ene swart en geel
hang aan ’n graspluim wat die wind
wat oor haar gaan sag streel

daar was ’n nuwerwetse een
met ingeweefde kreuk
hoe mens haar ook al was of stryk
met byna vleeslik haar eksoties vreemde reuk …

en toe jy kwalik was en skuifelend
het ons ’n nuwe wéér gekoop
en lieg-lieg lag-lag het ons haar
stilstreel-en-saggies-soen gedoop

en dan was daar ’n allerlaaste een
ontwerp deur hartseerliefde.  nee!
so menslik op ons afgedwing
te onvertaalbaar nee! nee!
om haar ’n naam te gee

# 4. solvent

nou lê hulle teruggetrokke op hulle rug,
die inhaliges, uiteindelik ingehaal,
neus opgetrek teen die lug,
en met ’n laaste soet smaak
het die longe leeggeraak,
uitasem asemgehaal.

iets naamloos blind
maar met voelhorings, iets doms
maar savant, wat soos dié twee
self hardnekkig is, het hulle verbind
aan mekaar en teen hulle sin soms
moes laat weier om mekaar prys te gee …

daardie blomme wat nie nagejaag
kan word nie – net so min
as wat jy reën kan maak –
het vir hulle onverwags opgedaag

teen alle verwagting in
teen alle weerstand in
het hulle in hulle jong dag
sonder dat hulle geweet het wat wag
– die toekoms maak ons blind –
oordags agter mirages aan diep die dorsland in
getrek, deur newels, deur modder en onweer,
deurgange gevind
en die paal gehaal
skuifelend – wat kon hulle keer?

dié met ’n houtbeen wil paal
spring, wil hoog, wil ver spring

hulle was snags motte wat agter elke ster aan
gevlieg het, agter elke maan

aan … die geluk moet na die luies toe gebring
word – hulle dink so – die inhaliges gaan dit haal

later is hulle altwee gehalveer.  Elkeen
het verrinneweer een ribbe- of ander been
of arm of oog onderling afgestaan. die voete was plat
maar die boude was van min stilsit gesond rond
van die baie en ver pad vat
met die tone stomp van diep in die grond

grawe met die loop. hulle het geen sent
nagelaat nie. ’n vreemde paar
vir ander, dalk, maar gehawend bymekaar
gedwarrel in hulle laaste windsels is hulle solvent

*Hannes de Beer*

# Woordspeletjie

***(wielie-walie met Wittgenstein)***

hoe ernstig ’n woord
maar prentjie-waar?
dié mombaard wat beteken is
met toorgom
van die goor van klewerige cliché
tot huppeltoon van die vars vers
teelaard van graf tot geboorte
wat op bly kom
weer gee

maar nis van beteken
dié kaalgatklank?
dan liewer sing
van spieël tot spel
want die sing in die ring
van kinders verwring
en sink die sin
tot ’n klank in ’n kring
wat meer gee

binne die spel
verdiep die spieël
en die blink
in die oog
van die kind
wat rinkink
is die spiel
van die spel
wat beteken laat blink

so skommelaaiding
lat die ding kan sing
beitel met die ding
en klink die ding
skommel die sin
en dink die ding
wring die sing
dat die sing kan sin
skommelaaiding
skommelaaiding

***Pieter Verster***

# Pinel

As kettings nie die angs besweer nie,
sal die nuwe gange sonder vrees wees?
As die klip nie meer die nek inbuig nie,
wie sal beslis oor wie nog mens mag wees?

Sal die tropiese lemoene een môre op die borde lê?
Weer en weer sal hy sê:
“Laat die kranksinniges mense wees
en soos kinders iets van die lewe hê.”

As ons kettings val
sal ons ’n klein volk van vrede kan wees?